NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
DUTCH REFORMED CHURCH
Posbus/PO Box 13528
HATFIELD 0028 SA
Tel +27 (0)12 342 0092 Fax +27 (0)12 342 0380
algemenesinode@ngkerk.org.za www.ngkerk.org.za

10 April 2015

PERSVRYSTELLING: BOKO HARAM, ISIS, AL-SHABAAB EN ANDER EKSTREMISTIESE GROEPE

Die toenemende groei, optrede en geweld van groepe soos Boko Haram, ISIS en Al-Shabaab asook hulle geweldadige aggressie teen veral Christene is nie net iets daar vêr nie: dit raak die kontinent waar ons bly, ons susters en broers in die geloof en ander mense in Afrika en die Midde-Ooste op 'n besondere wyse. Ons as lidmate van die NG Kerk kan nie net maar van tyd tot tyd terloops hiervan kennis neem nie: die optrede van die groepe ontstel ons baie diep en ons veroordeel dit ten sterkste. Ons is oortuig die potensiële bedreiging is dalk veel groter as wat ons dink.

Die Moderamen van die Algemene Sinode wil eerstens 'n beroep op ons gemeentes en lidmate doen om hierdie krisis op hulle voorbiddingslyste te plaas. Verder versoek ons ander denominasies in ons land asook die ekumeniese liggame en godsdiensgroeperinge om hulle stemme hieroor te laat hoor in die nasionale en internasionale kringe waar hulle beweeg.

Die Moderamen versoek verder dat die leierskap van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) en The Evangelical Alliance of South Africa (TEASA) 'n afvaardiging na die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking stuur om oorleg te pleeg oor hoe om kommer oor die situasie die beste in die internasionale arena te hanteer.

Dr JJ Gerber
Algemene Sekretaris: NG Kerk

Selfoon: 0828955680